



## **GENERALE MISSIVE**

*Nuusbrief van die Stigting VOC 1/16  
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Internet:** <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** [vocinfo@voc.org](mailto:vocinfo@voc.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: [r.dcb@icloud.com](mailto:r.dcb@icloud.com). **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: [sgelderblom@mweb.co.za](mailto:sgelderblom@mweb.co.za). **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

### **Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2016**

Die 21ste Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind om **16:00** op **Dinsdag, 1 Maart 2016** in die Van der Stel-kamer in Kasteel de Goede Hoop plaas. (Parkering: Tussen bastionne Leerdam en Oranje, uit Darlingstraat.)

#### **Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 2016.**

1. Verwelkoming en Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (Moet vóór vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
3. Kennisgewing van afwesigheid.
4. Notule van AJV, 2015. (Sien Bylae A.)
5. Voorsitter se Jaarverslag, 2015.
6. Finansiële Jaarverslag, 2015. (Sien Bylae B.)
7. Nuwe Grondwet.
8. Verkiesing van uitvoerende komitee.
9. Projekte vir 2016.
10. Bykomende sake.
11. Gasspreker: Me. A. Marais, Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport. **'Samewerking tussen die Ministerie van Kultuursake en vrywillige bewaringsgroepe.'**
12. Afsluiting.
13. Heildronk en Sosiaal.


Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie. So gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: *'Huis van Oranje!'* Dit is nie nodig om iets vir die heildronk saam te bring nie, want die volgende borge maak dit moontlik: **De Oude Compagniespost, Lourensford-landgoed, Asara Kelder, Etienne Leriche.** Ondersteun hulle asseblief, soos hulle ons Stigting help.

#### **Insake die Algemene Jaarvergadering.**

Ons probeer om die AJV so na aan Stigtingsdag (20 Maart, jaarliks) te hou, maar moes dié keer by die gasspreker se dagboek aanpas. Ons vra lede om asseblief die vergadering by te woon en gee hiermee drie weke kennis van die komende vergadering, sodat u asseblief sake so kan reël dat die namiddag van Dinsdag, 1 Maart oop is om die AJV by te woon. Dit is belangrik om aan ons gasspreker, die Provinsiale Minister van Kultuursake, 'n sterk front te toon. Ons het 'n vol

saal nodig; verskonings vul geen stoele nie, inteedeel, leë stoele en 'n lang verskoningslys dra 'n boodskap van apatie en swakheid oor. Dit is nodig dat ons gas, 'n vooraanstaande in kultuursake en die politiek, ons in volle sterkte daar vind, om haar van ons Stigting se belang, aktiwiteit en gesaghebbendheid te oortuig. Kom stel opbouende vrae en maak goeie voorstelle om haar met ons Stigting se waarde vir kultuurbewaring te beïndruk. Verlede jaar is ons nie teleurgestel nie. Ons vra ook lede van susterverenigings soos die Orde van de Prinsen, Vriende van SASNEV en Stigting Simon van der Stel wat dikwels ons lesings bywoon; bring familielede, vriende en bure saam wat moontlik ook lede van hierdie Stigting kan word. Ons is 'n unieke vereniging, gedurig besig met praktiese opvoedings- en bewaringswerk. Verseker ons asseblief van u beplande bywoning, deur ledesekretaris Saretta Gelderblom by haar e-pos adres hierbo te laat weet.

### Kaart van Kasteel



W. van Stade, Kasteel de Goede Hoop, 1710

Die rooi kol op die plan wys waar die Van der Stel-kamer is, in die Agterhof, agter die dolfynpoel, op regterhand. Loop in die rigting van die standbeeld *Die Vrou van Goeie Hoop* en ons Stigting se naambordjies wys die pad verder. Dra asseblief u lapelspeld en naamplaatjie? (Lapelspelde is by die Tesourier te koop teen R70 elk. Plastiek naamplaatjies is gratis by die AJV te kry, as u dit nie reeds het nie. Benut sommer die geleentheid om u jaargeld te betaal. (sien Aanhegsel, p.11)

**Bylaes:** Aan die einde van hierdie *Generale Missive* vind u twee Baie Belangrike Bylaes, naamlik die Notule van 2015 se AJV en ons Finansiële Staat, 2015. Ons stuur hulle vroegtydig aan lede om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om tyd by die AJV te spaar. Ons nuwe konsep-Grondwet sal vanjaar verder op die AJV bespreek word, maar is nog nie vir aanname gereed nie.

## Lede-nuus

\*Ons innige simpatie gaan aan ons lid dr Johan Mets, met die oorlye van mev. Thea Mets op 13 Desember 2015. Hulle was 61 jaar lank getroud. Thea was jare lank 'n lid van ons Stigting en het ook 'n belangrike rol gespeel in die bestuur van die Kaapse tak van die Algemeen Nederlands Verbond, onder meer as Voorsitter, van 1987-1991. Die ANV was vir die administrasie en onderhoud van die Nederlandse Bibliotheek verantwoordelik. Thea se entoesiastiese ondersteuning en waardevolle kulturele en sosiale bydrae aan die VOC- en Nederlandse gemeenskappe word hoogs waardeer.

\* Stigterslid Anton Roux is op 25 Januarie oorlede. Anton het met 'n BA en HOD as geskiedenisonderwyser by die Hoërskool Vredenburg begin. Toe het hy hom met die rang van luitenant by die SA Vloot aangesluit en in Pretoria in die weermag se museum-afdeling gewerk. Sy pos het hom in staat gestel om vir 'n diploma in Museumkunde by die Universiteit van Pretoria in te skryf. Daarna het 'n Meestersgraad in Geskiedenis by Stellenbosch gevolg. Sy tesis was *Die geskiedenis van Saldanhabaai, St Helenabaai en Dasseneiland, 1652-1795*, 'n insiggewende, seminale werk, waarmee hy in 1975 sy M.A. behaal. Anton was die eerste historikus om werklik die VOC se Kaapse dokumente op sosio-ekonomiese vlak te ondersoek en vertolk; hy herontdek na drie eeue die begrip 'Saldanhavaarders' vir vryburgers wat nie met graan, skape of wingerd boer nie, maar in hul eie bootjies see toe gaan en so ver as Saldanhabaai, St Helenabaai en Dasseneiland vis, seevoëleiers, vere, robbetraan en ander produkte van die 'Saldanhavaart' versamel en die Kompanjie en sy skepe op land en see bedien. Anton se bydrae was 'n vernuwende blik op aktiwiteite onder die VOC-vlag buite Tafelbaai en die werking van die vroeë verversingsdiens. Met sy Museumdiploma en goeie M.A. word Anton later hoof van die SA Kulturhistoriese Museum in Adderleystraat, waar hy 'n wonderlike versameling VOC-artefakte, onder andere die Mercedes-Benz versameling van VOC-rariteite, opbou en ook Kaapstad se eerste maritieme museum by die Waterfront gestig.

Anton was vir 21 jaar lank 'n toegewyde en entoesiastiese lid van ons Stigting. Ons innige meegevoel gaan aan Alta en hul kinders.

**Voorsitter Leon Hattingh en sy vrou Barbara** het vroeg in Januarie ernstige beserings in 'n motorongeluk opgedoen. Hulle is reeds uit die hospitaal en sterk tuis aan. Ons hoop om Leon by die AJV weer in die voorsitterstoel te sien. Intussen neem vise-voorsitter Helena Scheffler waar.

## Uitvoerende komitee

Die Uitvoerende Komitee het weer op 5 Februarie vergader. Verskeie besluite is geneem, waaroor u meer by die AJV sal hoor. Die lede is almal bereid om nog 'n termyn te dien. As enige lid 'n ander lid as komiteelid by die Algemene Jaarvergadering wil voorstel, is dit nodig om vooraf daardie persoon se toestemming te kry. Die nuwe komitee vergader op Vrydag 13 Mei.


## Jaar 2016

Die Bestuurskomitee wens ons lede 'n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Van prof. G.J. Schutte ontvang ons die volgende opbeurende nuwejaars-gedigie, geskryf deur advokaat Aernout van Overbeke, duidelik verwysend na sy besoek aan die Kaap in 1672 as admiraal van die retoervloot en kommissaris oor die jong diensstasie:

*' ... 't is een vuyl nest  
Gedult te hebben is hier best  
Wijl ghij ghedwongen zijt  
Op Goede Hoop te leven.'*

Ons kyk eers 'n oomblik terug, en daarna weer vorentoe:

**1616:** Tot nou toe het VOC-vlote, net soos die Portugese, gewoonlik Tafelbaai vermy en net by St Helena en Mauritius vir verversing aangeloop. As gevolg van gedeelde inligting gebeur dit nou meer en meer dat hulle Tafelbaai as rendezvous gebruik om te hergroepeer en te ververs. In 1616 kom die skepe *Rotterdam*, *Mauritius*, *Zwarte Beer* en *Hert* hier op hul tuisreis en later in die jaar *Goude Leeuw*, *Westfriesland*, *Oranjeboom* en *Eendracht* op hul heenreis. *Eendracht* (skipper Dirk Hartogh) vertrek hiervandaan Ooste toe en loop die eerste keer die weskus van 'de Zuidland' raak, 'n gebeurtenis in betekenis omtrent gelykstaande aan Columbus se aankoms in Wes-Indië. Die aankoms word vanjaar (2016) in Australië herdenk, met kulturele uitvoerings en waarskynlik heelwat bier. In Augustus 1616 aanvaar Here Sewentien 'n rewolusionêre seilplan vir hul skepe, in Batavia opgestel en ook sterk daarvandaan aanbeveel, waarvolgens skippers seisoenale en standhoudende winde en strome moet gebruik vir vinniger en veiliger reise. Die jaar daarop word '*Zeijlaas Ordre.... van 15 Augustus 1617*' verpligtend gemaak, waarmee die beroemde Brouwer Roete amptelik tot stand kom.



Die Brouwer Roete, 1617

M. van Rensburg, 1996

In dieselfde jaar (1616) seil die Lemaire-kompanjie se skepe *Hoorn* en *Eendracht* die eerste keer onder om Suid-Amerika, waardeur Kaap Hoorn sy naam kry. (Sien *Generale Missive* 7/15.)

**1716:** Goewerneur M. Pasque de Chavonnes begin sy derde jaar in die amp in die Kasteel. Die retoervloot onder admiraal Abraham Douglas bestaan vanjaar uit 27 skepe. Hy bring in April bevele uit Batavia dat amptenare alle eiendom behalwe woonhuise van die hand moet sit of die VOC se diens verlaat. Skatryk amptenare soos Johannes Swellengrebel en ekwipasiemeester Brommert kies die vryburgerskap. Op 2 September 1716 verskyn die Kaapse garnisoen vir die eerste keer in militêre uniforms, 'n inisiatief van goewerneur De Chavonnes. In die jaar 1716 word net drie nuwe '*Placcaaten*' (wette) uitgereik: 1. Niemand mag van een distrik na 'n ander verhuis sonder om dit aan sy heemraad bekend te maak nie. 2. Niemand mag militêre uniformstukke koop of verkoop nie. 3. Nuwe reëls vir die Opsier van die Slawelosie insake lees van die naamrol, verwydering van besoekers, aandgebed, oop en toesluit, orde en nagvure.



P. Kolb: *Naauwkeurige ... beschrijving van de Kaap...* . Amsterdam, 1731.

In September 1716 word 'n veeruil-ekspedisie onder poshouer Swartsenberg van die vervoerpos De Schuer na die Klein-Namaqua gestuur. Hy het twee korporaals, vier-en-twintig soldate en 'n wamaker vir hul drie waens. Hul ruilgoed is 500 pond tabak, drie-en-'n-half aam arak (1 aam = 144 l.), 60 000 koper- en glaskrale, pype en tonteldose. Hulle kom in November terug met 288 trekbeeste vir die vervoerdiens.

**1816:** Nadat Napoleon verslaan is, probeer Europese staatshoofde hul vele probleme oplos by samekomste wat 'Concert of Europe' ('n soort vroeë EEU) genoem word. In Kaapstad is Goewerneur Somerset in sy derde regeringsjaar, maar sy probleme is hoofsaaklik op die Oosgrens, met Koina, Xhosas, grensboere en sendelinge. By Slagtersnek word op 9 Maart vyf rebellerende grensboere gehang. Mnr George Rex koop 10 000 morg grond by Knysna – daar word geskinder dat hy 'n kind van koning George III is. (Nog 'n mite. D.S.)

**1916** Die Wêreldoorlog is in sy derde jaar en woed op alle fronte, op land, see en in die lug. In Ierland word vyftien leiers van die nasionalistiese onafhanklikheidsbeweging Sinn Fein ('Ons saak') opgehang. Generaal Jan Smuts word met 'n Suid-Afrikaanse brigade gestuur om Duits-Oos-Afrika in te val.

**2016:** Groot droogte en hitte in die noordelike provinsies. Is dit die verwagte klimaatsverandering? Stigting VOC is in sy een-en-twintigste jaar van aktiewe bewaring. In 'n tyd en omstandighede waar gemeenskappe alle vorms van kultuurbewaring in hul eie hande moet neem, is dit noodsaaklik dat ons Stigting volhou ten opsigte van die tasbare en ontasbare VOC-erfenis.

**\*Teken asseblief die volgende lesings en uitstappies aan:**

U word genooi na die bekendstelling van die nuwe boek oor kolonel Robert Gordon deur die Nederlandse historikus Luc Panhuysen. Dit is die eerste boek in Afrikaans oor Gordon, wat moontlik 'n geheime agent in diens van die Nederlandse prins Willem V was. Gordon het met die Oranje's kennis gemaak by die *salon* van 'n Russiese prinses in Den Haag en het tot sy ontydige dood aan hulle verknog gebly, selfs toe die meerderheid van die Nederlandse volk teen

hulle gedraai het. Maar vir die verknogtheid het hy duur betaal. Die Rijksmuseum, Amsterdam open vroeg aanstaande jaar 'n groot uitstalling oor Gordon se lewe en werk aan die Kaap. Hy word as 'n groot ontdekkingsreisiger en natuurkundige navorser uit die Tyd van die Verligting beskou en ook so uitgebeeld. Die sprekers is Piet Westra (uitgewer) en Wium van Zyl (vertaler).

Plek: Huis der Nederlanden. Datum: 27 Februarie 2016. Tyd: 10:30. Volop parkeerplek.

Nog interessante lesings en uitstappies word beplan, onder andere na die graf van Tuan Yussuf by Makassar aan die Valsbaaise kus. Hy was 'n politieke en geestelike leier van die eiland Makassar, wat in Simon van der Stel se tyd as 'n vyand van die Kompanjie Kaap toe verban is en word as die vader van Islam aan die Kaap beskou.

### **Huis der Nederlanden verlore?**

Die Kaapse stadsraad het verlede jaar bekend gemaak dat die eienaar van die SASNEV-gebou en perseel dit van die hand wil sit en dat 'n plan ingedien is om 'n winkelsentrum en kantoorblok daar te bou. Menings is gevra. Dit sal ons en ander bewaringsgesindes direk raak.

Stigting VOC het 'n ernstige skriftelike beswaar aangeteken, hoofsaaklik oor die dreigende verlies van 'n nuttige kultuursentrum waar 'n verskeidenheid van opvoedkundige programme aangebied word, maar ook op grond van die onnodige kommersialisering van die middedorp wat afbreuk aan Pinelands as tuindorp doen. Ons het daarby elke petisielys wat ons kon vind, geteken en mense gevra om ook te teken. Die uitslag is nog nie bekend nie.

### **Uit die Argief:**

Nederland het geen timmerhout vir skeepsbou gehad nie; dié feit is 'n belangrike onderdeel van die ekonomiese wonderwerk wat 'die VOC' genoem word. Eikehout is vir eeue lank uit Frankryk en Duitsland ingevoer, en daarvan is 1 461 skepe in die Kompanjie se ses skeepswerwe vir die handelsvaart tussen Nederland en die Ooste gebou. Hulle moes sterk genoeg wees om die see se gevare op 'n heenreis van ses tot sewe maande te weerstaan, en op die retoerreis nogmaals soveel maande. Wat was die seegevaar? Windstiltes, storms, orkane, brand, seerowers, swak navigasie, Europese vyande, weerlig, skeepssiektes. Skepe het ook vergaan omdat hul bemannings uitgesterf het, soos *Goude Buys* (1695), *Reijgersdal* (1747) en ander.

Hoe lank het so 'n skip van eikehout gehou? Daar was gelukkige en ongelukkige skepe. *Vliegende Hart* (850 ton) en *Anna Catharina* (600 ton) het albei op 3 Februarie 1735 in die uitloop by Rammekens totaal vergaan, sonder om ooit oop see te haal. Verskeie VOC-skepe het 15 heen-en-weer reise oorleef. *Oranje*, 'n uitsondering, het 18 reise afgelê. In 1643 vir Kamer Middelburg gebou, is hy tussen 1644 en 1664, benewens retoerreise ook gereeld in die Oosterse tussen-eiland handel gebruik. Maar Kompanjieskepe was altyd ook oorlogskepe van die staat en in die Slag by Lowestoft (1665) is *Oranje* aan die brand geskiet en gesink. Dan was daar *Enkhuizen*, wat 19 vaarte voltooi het. Maar heel bo-aan, taai, behoorlik gebruik en met baie geluk, was *Meijenburg*, wat tussen 1714 en 1738 so veel as 21 reise tussen Nederland en Batavia onder die VOC-vlag afgelê het.

En die matrose? Daar is baie inligting aangaande matrose in die Kompanjie se dokumente. Die onderstaande bron noem net die skippers, maar daar was moontlik onder-offisiere en gewone matrose wat meer as hulle bereik het. Skippers wat elf reise heen en weer afgelê het, sluit in Adriaan de Graaf, Christiaan Blom, Willem de Leus en Gerrit Moring. Die wat twaalf reise afgelê het is onder andere Willem de Wys, Jacob van der Poel, Arend van Deuren en Gerrit Harmeyer. Klaas Roem en Jakob Onkruid het dertien keer heen en terug geseil. En dan is daar skipper Jakob Wiebe, wat tussen 1747 en 1767 veertien heen-en-weer reise afgelê het. Toevallig was sy laaste skip *Jonge Thomas*, wat in 1781 deur die uiterste nalatigheid van

goewerneur Van Plettenberg in Tafelbaai vergaan het. Die naam van poshouer Woltemade van buitepos Riet Valleij (by Table View) sal altyd aan *Jonge Thomas* gekoppel bly.

[J de Bruin, F. Gaastra and I. Schöffner (eds.): *Dutch-Asiatic Shipping, vols. I-III*. RGP 165-167.]

### **Kasteel 350**

Op 2 Januarie vanjaar was dit 350 jaar dat Kasteel de Goede Hoop se eerste stene gelê is. Die Kasteel se Beheerraad in samewerking met die Departement van Verdediging het 'n program van aktiwiteite vir die jaar opgestel (Sien aangehegte dokumente). Die Kasteel staan hier te midde van ander UNESCO Wêrelderfenisgebiede soos die Wes-Kaapse fynbos bioom, Tafelberg, Robbeneiland en ons VOC-argief. Ons Kasteel, as VOC-artefakt behoort natuurlik en vanselfsprekend ook 'n Wêrelderfenisgebied te wees. Stigting VOC het aangebied om die motiveringsdokument op te stel, om Kasteel de Goede Hoop as 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein verklaar te kry. Dit mag lank neem maar dit is die moeite werd om te doen, en hoog tyd om daarmee te begin. Ons Stigting VOC sal vanjaar ook vier openbare lesings oor VOC-geskiedenis tot die Kasteel se 350-jaar herdenkingsprogram bydra. Meer inligting daaroor, later.

### **Trafalgar Park en die Franse Linie**



L.M. Thibault, c1792.

Trafalgar Park is in Woodstock geleë, op die ou stadsgrens waar die hoofweg na die suidelike skiereiland deur die tolhek in die gewese stadsmuur gegaan het. Op die grens hou Sir Lowryweg op en word Victoriaweg. Die stadsmuur is in die jare 1781-1784 deur die Franse regiment de Pondichery gebou. Hul bevelvoerder was kolonel Thomas bailli De Conway, 'n Ier met Franse titels. Die offisiere was Frans en die soldate grootliks Bengale (nou Bangladesese). Die VOC het die regiment gehuur om die Kaap te help verdedig teen 'n moontlike Britse aanval. Die swakste plek in Kaapstad se verdediging was sy oostelike flank. Daar het die regiment die sogenaamde Franse Linie gebou, 'n aaneenlopende muur (ZZ op meegaande kaart) teen die hang van Duiwelspiek, van stervormige Fort Knokke op die strand tot by *Roodebloem*, die plaas van J. Munnik teen die berghang. In die muur was twee geskutbatterye, genaamd Sentrale Reduit en Burger Reduit. Dié en ander Franse regimente het hier die 'Franse tydperk' (taal, modes, *salons*, danse, onthale) veroorsaak, Kaapstad was vir 'n kort tydjie '*Petit Paris*.'

'n Klein deeltjie van die muur het oorgebly in Trafalgar Park, net langs die hoofweg, met verroeste kanonne wat wes (op die stad) in plaas van oos gemik is. Die Kaapse Stadsraad het in Januarie openbare menings gevra oor hoe die Park vernuwe en herontwerp kan word. Stigting VOC het op 1 Februarie skriftelik voorgestel dat die historiese militêre oorblyfsel opgeknop en die kanonne behoorlik gelê word, ook dat opvoedkundige inligtingsborde opgerig word en dat aangrensende 'Searle Straat' se naam na 'Franse Linie' (suid van Hoofweg) en 'Fort Knokke' (noord van hoofweg) verander word.

### **VOC-studiegroepe, Australië**

Daar is twee studiegroepe in Australië wat hulle met VOC-sake besig hou. Die een doen navorsing oor skakels tussen die VOC en die land Australië, en maak daardeur 'n bydrae tot hul nasionale geskiedenis. Lees oor hul aktiwiteite op hul webblad [www.vochistory.org.au](http://www.vochistory.org.au) Die ander groep doen net navorsing oor die VOC-skip *Vergulde Draeck*, wat in Van Riebeeck se tyd op daardie weskus gestrand het. Hulle soek oorblyfsels van die skip, maar veral inligting oor wat van die meer as honderd mense geword het. Daarmee kon ons Stigting hulle nie help nie, maar wel om relevante dokumente in ons Argief te vind, te kopieër en te vertaal. Daar kom 'n dik boek oor die storie. Gaan kyk op hul webwerf [steve@giltdragon.com.au](mailto:steve@giltdragon.com.au) na hul aktiwiteite en foto's. Daardie wêreld lyk soos by Hondeklipbaai en Port Nolloth, twee plekke waar ek nie sou kies om gestrand te wees nie.

### **Projekte:**

Die volgende praktiese bewaringsprojekte is in verskillende stadiums van ontwikkeling:

- (a) *Ms Die VOC aan die Kaap, 1652-1795.*
- (b) Naamsverandering: Rockview Dam na Dorha Dam.
- (c) Bewaring van VOC-baken, Geelbeksfontein.
- (d) Deproklamasie van s.g. Van Riebeeck-heining.
- (e) Amsterdam Battery
- (f) Bewaring van streekname
- (g) Uitstappies en lesings.
- (h) VOC-dagboek (waarvoor ons meer interessante datums uit die VOC-tyd soek. Stuur asb. bydraes aan Roelof Brits ([rjcbrits@fridgeandfreezer.co.za](mailto:rjcbrits@fridgeandfreezer.co.za)) Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte voor te lê, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As 'n voorstel aanvaar word, kan die voorsteller op die uitvoerende komitee se steun staatmaak.

### **Kamer Antwerpen**

Ons sustervereniging Kamer Antwerpen in België het weer hul jaar met 'n lustige feesmaal begin, die keer in St Andrieskerk. Sekretaris Jan Hubert het 'n paar kleurvolle foto's gestuur. Klik op die volgende webskakel om dit te sien. <http://www.bobautrique.phanfare.com/6807522>

Kamer Antwerpen se eerste uitstappie was na Gent, en in Maart besoek hulle Tongeren, die oudste stad in Vlaandere, met 'n Romeinse amfiteater.

**Ledegeld.** Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou betaal. Dit vergemaklik ons Tesourier se boekhouding aansienlik. Spesiale dank aan lede wat vrywillige gifte ingesluit het. Die Stigting het dit nodig en dit word baie waardeer. Die komitee vind dit onnodig om die ledegeld vir vanjaar te verhoog, en dit bly steeds van die heel laagste jaarlikse ledegeld vir 'n aktiewe bewaringsinstansie soos ons s'n. Vul asseblief nuwe besonderhede in op die vormpie wat u aan die einde van dié Nuusbrief vind, en bring dit met u ledegeld na die AJV op 19 Maart. Die Tesourier sal vroeg by die AJV met sy kwitansieboek te vind wees, gereed om ledegeld te



ontvang en ons lapelspeldjies aan lede te verkoop. Dit is die ideale geleentheid; betaal die man daar eenmaal en klaar. Ons onaktiewe lede kan hul ledegeld as 'n waardevolle bydrae tot erfenisbewaring beskou. Alle lede word gevra om asseblief seker te maak dat hulle reeds vir 2015 betaal het. Skryf 'n e-pos aan ons tesourier Calla Wessel en vra, as u onseker is. Ons Stigting het geen ander inkomste nie en kan nie bekostig om u ledegeld te verloor nie. Intussen gaan ons voort om, na twee persoonlike aanmanings, die name van lede wat agterstallig raak, van ons adreslys te verwyder.

*Behouwde Vaert / Selamat djalan*

D.SLEIGH (Redakteur)  
7 Februarie 2016  
Jean Sleigh: Elektronies / Tegnies

✂

**LEDEGELD 2016**

**STIGTING VOC**

**LEDEGELD 2016**

Naam: .....

Adres: .....

.....

.....

Telefoon: .....

Selfoon: .....

e-pos: .....

Bedrag ingesluit:

R.....Ledegeld 2015. [R90]

R..... Ledegeld 2016. [R90]

R.....Vrywillige donasie.

✂

***BYLAE A: (PDF aanhegsel met e-pos)***

Notule van die Stigting VOC se Twintigste Algemene Jaarvergadering, om 17: 00 op Donderdag, 19 Maart 2015 in Kasteel de Goede Hoop.

***BYLAE B: (PDF aanhegsel met e-pos)***

Finansiële Jaarverslag, 2015